# AGRARIESE GESKIEDENIS EN STREEKHISTORIESE NAVORSING

*Dr. C.C. Eloff*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Sedert die volksplanting aan die Kaap in 1652 was landbou vir ruim twee eeue die belangrikste bedryf van Suid-Afrika se inwoners. Voor die ontdekking van diamante en goud in die 19de eeu, en veral voordat nywerheidsontwikkeling en die gepaardgaande ontstaan van groot stede die afgelope aantal dekades miljoene mense na hierdie sentra gelok het, het die meeste Suid-Afrikaners op plase of plattelandse dorpe in die hart van die uitgestrekte landbougebiede gewoon. Boerdery was trouens eeue lank die spil waaromheen ekonomiese en sosiale aktiwiteite in landelike gebiede gedraai het; in die volkshuishouding van die meeste voedselproduserende lande vervul die landboubedryf derhalwe steeds 'n sleutelfunksie.

Ook in die RSA word landbou vandag nog as van kardinale belang vir die toekoms van die land en sy mense beskou; gevolglik word allerlei stappe gedoen om dit te bevorder. Dieselfde geld egter nie ten opsigte van die *landbouverlede* nie, want in vergelyking met die meeste Europese lande toon die Republiek 'n groot agterstand in soverre dit belangstelling in en beoefening van agrariese geskiedenis betref. Navorsing in ons land oor hierdie aspek staan nog in sy kinderskoene en dit kan inderwaarheid as die aspoestertjie van geskiedskrywing bestempel word.

## WOORDOMSKRYWING

Die woord "agraries" is ontleen aan *ager* (Latyn) wat letterlik "akker" of "land" beteken. In 'n meer beperkte betekenis is agrariese geskiedenis dus die verhaal en ontwikkeling van die landbou, dog in 'n ruimer sin van die woord word onder dié begrip verstaan alles wat op die landbou, die landbouer (boer) en op land- en grondbesit betrekking het — kortom, dit is die geskiedenis van landbou veral met die gedagte aan sosiale en ekonomiese toestande daarby.

Naas "agrariese geskiedenis" word ook die terme "landbou"- of "agronomiese geskiedenis" gebruik. Veral in Engels en Frans word soms tussen die volgende begrippe onderskei:

(1) **Agricultural history** of **histoire d'agriculture** (landbougeskiedenis), met ander woorde die geskiedenis van die boerderybedryf in engere verband en met nadruk op die tegniese aspekte daarvan (soos grondbewerking en -bemesting, verbouing en opbrengs van landbougewasse, ontwikkeling van implemente en meganisasie);

(2) **agrarian history** of **histoire agraire** (agrariese geskiedenis), wat die geskiedenis van die ekonomiese sy van die landbou omvat asook die sosiale wêreld waarin die boerebevolking leef (of geleef het). Onderwerpe wat hier ter sprake is, sluit onder meer in finansiële bedryfsresultate, pryse van landbouprodukte, die verhouding tussen pag en eiendom en die sosiale samestelling van boeregemeenskappe;

(3) **rural history** of **histoire rurale** (geskiedenis van die platteland), wat ruimer as die voorgaande is, hoewel dit hoofsaaklik ook op die terrein van ekonomiese en sosiale vraagstukke beweeg. Die geskiedenis van die platteland as geheel — dus ook die nie-agrariese sektor daarvan — vorm die veld van ondersoek. Hierby inbegrepe is byvoorbeeld die struktuur van dorpsamelewings, die verhouding stad tot platteland, stedelike invloed op ekonomiese, sosiale en kulturele gebied in landelike gemeenskappe, en die migrasie van die platteland na die stad.

Oor die algemeen word in Wes-Europa voorkeur aan die tweede begripsverklaring hierbo gegee omdat dit die mees omvattende beeld van die landbou én landbouer verteenwoordig.

Agrariese geskiedenis en navorsing wat daarmee verband hou, impliseer dus aanvaarding en erkenning van die feit dat daar 'n wisselwerking bestaan tussen die mens as sosio-ekonomiese wese en die landbou wat hy beoefen. Die landbouer en die akkerbou of veeteelt wat hy bedryf, is onlosmaaklik en onderling verbonde; om dié rede is dit ondenkbaar om landbougeskiedenis tot die suiwer tegnologiese te beperk sonder om kennis te neem van die breë maatskaplik-kulturele raamwerk waarbinne dit afspeel.

Aangesien agraries-historiese ontwikkeling neerslag vind in haas elke faset van die landelike mens se bestaan, behoort sosiale en ekonomiese geskiedenis uiteraard 'n prominente plek in te neem in navorsing wat ten aansien van die historiese verloop van die landbou onderneem word.

## BELANGSTELLING IN EN BEOEFENING VAN AGRARIESE GESKIEDENIS IN DIE BUITELAND

Dit is 'n interessante verskynsel dat, terwyl 'n al hoe kleiner persentasie van die wêreldbevolking tans 'n bestaan uit die beoefening van landbou maak, belangstelling in die buiteland vir die geskiedenis van hierdie primêre bedryf die afgelope sowat vier dekades sterk toegeneem het. Vroeë belangstelling in agrariese geskiedenis kan teruggevoer word tot omstreeks die begin van die 19de eeu toe enkele publikasies oor die geskiedenis van landbou reeds in sommige Westerse lande verskyn het. Dit was egter eers by die eeuwisseling dat 'n breër en bestendiger belangstelling in hierdie vertakking van die geskiedenis sy beslag gekry het.

Veral ná die landboudepressie van die jare tagtig van die vorige eeu het landboukundiges in die verlede van hul vakgebied begin belangstel. Hulle was nie histories geskool nie en het hul navorsing hoofsaaklik beperk tot chronologiese oorsigte waarin die natuurwetenskaplike en tegniese ontwikkeling in die bedryf gedurende die 19de eeu behandel is.

Omstreeks dieselfde tyd het regshistorici ook in die landbou geïnteresseerd geraak. Hierdie groep het veral aandag aan regsverhoudinge en jurisdiese aspekte van die Middeleeuse landboubedryf gegee, sonder inagneming van die ekonomiese en landboukundige fasette daarvan.

Volkekundiges was die volgende om hulle op die geskiedenis van landbou toe te spits. Die etnologiese benadering het onder meer 'n studie behels van die 19de-eeuse boerekultuur soos dit tot uiting gekom het in ambagsvervaardigde landbouwerktuie en huishoudelike items.

Die agrariese samelewing in vervloë tye het insgelyks die belangstelling van taalkundiges en geograwe begin

prikkel. Eersgenoemde het hulle toegelê op die terminologie in verband met boerdery, landbougereedskap en -aktiwiteite sowel as die versameling en verklaring van vroeë plaas- en plekname. Op hulle beurt het geograwe nedersettingspatrone, demografiese tendense en klimaatstoestande in die agrariese verlede aan die hand van ou kaarte begin naspeur.

Tot die jare twintig en dertig van hierdie eeu het ekonomiese en sosiale historici redelik afsydig teenoor die landbougeskiedenis gestaan omdat hul aandag ten volle deur die geskiedenis van die handel en nywerheid in beslag geneem is. Onder invloed van die Franse *Annales*-skool het die ekonomiese en later die sosiale geskiedenis ook die terrein van die landbou in al sy vertakkinge betree. Die klem in die geskiedskrywing het algaande begin verskuif van fragmentering en "kompartementering" van die verlede na die "totale" mens en integrale samelewing. Volgens die *Annales* is historiese navorsing deel van die sosiale wetenskappe en gevolglik gemoeid met alle historiese verskynsels, ook die landbou, grondeienaars, landhere ên landarbeiders wat as nie-bestaande (die "gesiglose massa") beskou is en dus nooit 'n plek in die geskiedbeeld gekry het nie.

In samehang met die faktore hierbo uiteengesit, kan die belangstelling in agrariese geskiedenis ook aan 'n reeks algemene faktore toegeskryf word.

(1) Gepaard met die reeds genoemde landboudepressie het toenemende industrialisasie en ontvolking van die platteland tot agteruitgang in die landbou gelei. Die probleem van voedselverskaffing en ander lewensmiddele tydens en na afloop van die twee wêreldoorloë het die aandag van feitlik alle lande en bevolkings op die landbou as hoofprodusent van hierdie verbruikersartikels gevestig. Die tekort aan voedsel en selfs hongersnood wat vandag in groot dele van die wêreld ondervind word, dwing wetenskaplikes byna spontaan om in die landbouverlede na oplossings vir dié vraagstukke te soek.

(2) Die "vernuwing" in die historiografie wat deur die *Annales* teweeggebring is, het ook 'n groter belangstelling in plaaslike, streek- en familiegeskiedenis (genealogie) tot gevolg gehad. As wesenlike deel van landelike samelewings is die agrariese verlede ook by ondersoeke van hierdie aard betrek. Nie slegs professionele navorsers en historici nie maar ook dilettante en amateurs is aangespoor om die geskiedenis van die plattelandse gemeenskap en die landbou, wat tradisioneel daar beoefen word, indringender te ontleed.

(3) 'n Nostalgie na die "romantiese" verlede van landelike samelewings en 'n hunkering of teruggryp na die "plaaslewe" het by baie verstedelikte mense gelei tot 'n studie van agrariese geskiedenis en van die platteland om sodoende meer omtrent die landbou en boeregemeenskappe te wete te kom.

(4) Agrariese geskiedenis het ook gebaat by die stigting van plaaslike en streekhistoriese verenigings sowel as instansies en organisasies wat hulle met landbouhistoriese navorsing besighou. Die totstandkoming van talle publikasies (veral vaktydskrifte) wat op hierdie navorsingsterreine betrekking het, het die belangstelling verder aangewakker. Mense van alle akademiese en professionele stande, dog met gemeenskaplike belange, is byeengebring. Dit het die geleentheid vir gekoördineerde samewerking en die uitbreiding en bekendstelling van kennis geskep.

(5) Dokumente wat aspekte van agrariese geskiedenis en plattelandse gemeenskappe belig, het die afgelope twintig jaar meer beskikbaar en toeganklik geword. Hierby inbegrepe is rekords wat in verband staan met grondbesitstelsels, boerderybedrywighede, klasseverdeling, kerklike organisasies en ander sosio-kulturele aktiwiteite. Beter fasiliteite soos mikrofilms, fotostate, mikrofiche, sneller en gerieflikef kommunikasiemiddele en meer vrye tyd stel diegene wat in agrariese geskiedenis geïnteresseerd is in staat om makliker navorsing te doen.

(6) Namate die getal akademici, gegradueerdes en studente toegeneem het, het die tradisionele ("Rankiaanse") temas in politieke, militêre en konstitusionele geskiedenis wat so lank gewild was, uitgeput begin raak. Nuwe terreine van ondersoek en studie-onderwerpe het dus noodsaaklik en — in ooreenstemming met die *Annales*-benadering — wenslik geword. Agrariese geskiedenis waar die mens in 'n besondere landelike opset en unieke situasie bestudeer kan word, het in hierdie opsig 'n belangrike funksie vervul.

**Engeland**

Dit word allerweë aanvaar dat Engeland een van die leiers op die gebied van agrariese geskiedenis is, veral omdat die beoefening daarvan 'n betreklike lang tradisie in dié land het. Individue het reeds sedert die 19de eeu aandag aan hierdie onderwerp gegee en 'n klompie publikasies het voor die Tweede Wêreldoorlog al die lig gesien.

Tog was dit die stigting van die British Agricultural History Society (BAHS) in April 1953 wat 'n merkbare toename in belangstelling teweeggebring het. Die doel van hierdie vereniging is om die studie van die geskiedenis van elke aspek van die landelike samelewing ("rural society") te bevorder. Die huidige ledetal beloop ruim 820; hieronder tel nie slegs agrariese historici nie, maar ook verteenwoordigers van 'n groot verskeidenheid ander dissiplines (soos die geografie, argeologie, ekonomie, landbou, argitektuur, demografie, sosiologie en kultuurgeskiedenis) asook lede van die algemene publiek. Konferensies vind twee keer per jaar plaas en temas met 'n agraries-historiese strekking word behandel. Kursusse en uitstappies vir lede en belangstellendes word ook gereeld aangebied.

Sedert 1953 word die tydskrif *Agricultural history review* deur die BAHS gepubliseer. Dit verskyn sesmaandeliks en bevat 'n wye reeks artikels wat op agrariese geskiedenis betrekking het. In die tydskrif word van tyd tot tyd 'n omvattende internasionale bibliografie (artikels, boeke, verhandelinge, proefskrifte en pamflette) opgeneem om belangstellendes op die hoogte van relevante vakliteratuur te hou.

In 1951, twee jaar voor die stigting van die BAHS, het die Museum of English Rural Life by die Universiteit van Reading tot stand gekom met die hoofoogmerke om 'n verteenwoordigende en omvattende versameling agrariese voorwerpe, werktuie en dokumente byeen te bring, uit te stal en vir die publiek en belanghebbendes toeganklik te maak. Met die totstandkoming van die Institute of Agricultural History (1968) is die Museum daarby ingeskakel. Hierdie Instituut beywer hom veral vir die koördinering en uitbreiding van onderrig en navorsing ten opsigte van agrariese geskiedenis.

Afgesien van die versameling en bewaring van rekords, dokumente en foto's huisves die biblioteek nagenoeg 30 000 boeke, brosjures, tydskrifte en pamflette van agraries-historiese aard. Die bibliografiese eenheid van die Instituut is voorts verantwoordelik vir die opstel van 'n lys publikasies oor agrariese geskiedenis wat jaarliks in

*Agricultural history review* gepubliseer word. In 'n reeks selfstandige bibliografieë in verband met agrariese geskiedenis het reeds twee publikasies verskyn waarvan die jongste (1981) getitel is: *Dissertations on British agrarian history — a select list of theses awarded higher degrees in British and foreign universities between 1876 and 1978.* Personeel van die Instituut tree op as studieleiers vir studente wat nagraadse navorsing oor agrariese geskiedenis doen, lewer lesings oor dié onderwerp aan voorgraadse studente in die Fakulteit Landbou aan die Universiteit van Reading en onderneem self ook navorsingsprojekte in die dissipline.

Die afgelope twee tot drie dekades het die bestudering van agrariese geskiedenis 'n stewige vastrapplek in die departemente sosiale en ekonomiese geskiedenis van verskeie universiteite verwerf. By die Universiteit van Kent (Canterbury) se Fakulteit Sosiale Wetenskappe sluit kursusse en seminare vir voorgraadse studente van sosiale en ekonomiese geskiedenis spesifieke temas in ten opsigte van agrariese geskiedenis, byvoorbeeld die Engelse landelike samelewing (1700-1939), die oorgang na 'n geïndustrialiseerde gemeenskap in Brittanje (1680-1850) en kontemporêre ekonomiese en sosiale geskiedenis. Vir hierdie doel is 'n spesiale leerstoel in agrariese geskiedenis ingestel.

Ander universiteite waar agrariese geskiedenis ook in die leerplanne van die departemente sosiale en ekonomiese geskiedenis opgeneem is, is onder meer dié van Exeter, Leeds, Sheffield, Hull, Lancaster en East Anglia. By hierdie en 'n dertigtal ander universiteite word plaaslike en streekgeskiedenis trouens in die genoemde departemente aangebied, hetsy as 'n afsonderlike vak of as deel van 'n breër kursus. Spesiale lesings en kursusse, insluitende aspekte van agrariese geskiedenis, word deur die Afdeling vir Voortgesette Opvoeding (Division of Continuing Education) van die Universiteit van Sheffield vir die publiek gereël.

Belangstelling in plaaslike en streekgeskiedenis — waarmee agrariese geskiedenis ten nouste verweef is — word weerspieël in die feit dat daar in 1979 nagenoeg 875 plaaslike historiese verenigings in Engeland en Wallis bestaan het, elkeen met 'n gemiddelde ledetal van 150. Gedurende 1948 is die Standing Conference for Local History (SCLH) in die lewe geroep om die beoefening van plaaslike geskiedenis aan te moedig. Die SCLH publiseer elke kwartaal 'n tydskrif (*The local historian*) waarin gereelde bydraes oor agrariese geskiedenis verskyn.

Aan die Universiteit van Leicester is die Department of English Local History ook in 1948 gestig. Dit is die enigste departement vir nagraadse studie en navorsing van hierdie aard in Brittanje en stel hom dit ten doel om die akademiese bestudering van plaaslike geskiedenis in Engeland en Wallis op tweërlei wyse te bevorder; eerstens deur historiese studie van landelike en stedelike gemeenskappe in hul plaaslike en streekopset, en tweedens deur die interpretasie van die historiese ontwikkeling van die landskap en die verband tussen landskap en samelewing. Navorsing deur personeel en nagraadse studente van die Departement die afgelope dertig jaar en publikasies wat in dieselfde tyd daaruit voortgespruit het, dui op die belangrike plek wat agrariese geskiedenis in hierdie verband inneem. Van die 550 publikasies wat reeds opgelewer is, handel feitlik 'n derde oor agraries-historiese temas. Tussen 30 en 40 studente (vir die grade M.A., M.Phil. en Ph.D.) is jaarliks by die Departement ingeskryf. Nagraadse studente kan 'n jaarlange kursus volg wat tot die verwerwing van 'n M.A.-graad in Engelse plaaslike geskiedenis lei.

Die Institute of Historical Research (IHR) aan die Universiteit van Londen het in 1921 sy beslag gekry as 'n sentrum vir nagraadse studie in geskiedenis. Op 'n weeklikse of tweeweeklikse basis word meer as 30 inleidingskursusse en seminare in geskiedenis aangebied terwyl nasionale en internasionale konferensies ook georganiseer word. Die Instituut se biblioteek is die enigste van sy soort en een van die mees uitgebreide biblioteke in Engeland. Die *Victoria history of the counties of England*, 'n reeks gesaghebbende publikasies met 'n sterk agraries-historiese inslag, is ook onder die IHR se beheer. Die huidige direkteur van die Instituut is trouens 'n outoriteit op die gebied van agrariese geskiedenis en voorsitter van die uitvoerende komitee van die BAHS.

Deur die inisiatief van die Department of English Local History (Leicester) is in 1956 besluit om 'n omvattende reeks publikasies oor die agrariese geskiedenis van Engeland en Wallis saam te stel. Dit is in die vooruitsig gestel dat die reeks minstens sewe volumes sou beslaan en 'n volledige sosiale en ekonomiese beeld van die geskiedenis van landelike samelewings moes weergee. Die eerste volume van *The agrarian history of England and Wales* is in 1967 onder redaksie van dr. Joan Thirsk gepubliseer. Sedertdien het nog vyf volumes — elk met 'n ander redakteur — verskyn. Met die uitsondering van enkele gapings wat binne afsienbare tyd aangevul sal word, bestryk hierdie publikasies 'n periode van bykans twintig eeue (A.D. 43-1939).

Hierdie monumentale projek is kenmerkend van die wyse waarop groepe gesaghebbendes saamspan om werke van sodanige omvang gesamentlik aan te pak en deur te voer — iets wat selfs vir die mees ondernemende en dinamiese individu nie beskore sou wees om in 'n leeftyd te verwesenlik nie. Spanwerk deur verskillende outoriteite wat bydraes lewer in reekse soos *The Victoria history of the counties of England* en *A regional history of England* (onder die redaksie van dr. David Hey, Universiteit van Sheffield en prof. B. Cunliffe, Universiteit van Oxford) is verdere bewys van hierdie vrugbare werkswyse en ook van die belangstelling en toewyding wat daar heers met betrekking tot agrariese geskiedenis en ander takdissiplines binne die sosiale en geesteswetenskappe.

**Nederland**

Tot voor die Tweede Wêreldoorlog was agrariese geskiedenis in Nederland, soos die geval in die meeste ander lande, 'n verwaarloosde terrein van navorsing. In 1939 is die Studiekring voor de Geschiedenis van de Landbouw (later die Vereniging voor Landbouwgeschiedenis) as 'n afdeling van die Koninklijk Genootschap voor Landbouwwetenschap in Wageningen in die lewe geroep. Die vernuwingsdrang wat ná die oorlog by instellings vir wetenskaplike onderwys posgevat het, het by die Landbouwhogeschool te Wageningen gelei tot 'n uitbreiding van die onderrig en navorsing in die geesteswetenskappe. Deur die toedoen van die Studiekring is agrariese geskiedenis ook ingesluit by studierigtings wat voortaan by die Landbouwhogeschool aangebied sou word.

Met die aanstelling in 1949 van die begaafde dr. B.H. Slicher van Bath as tydelike, buitengewone hoogleraar in agraries-ekonomiese en -sosiale geskiedenis aan die Landbouwhogeschool, is die studie van en navorsing in agrariese geskiedenis in Nederland besonder gestimuleer. In 1952 is die Afdeling (Vakgroep) Agrarische Geschiedenis gestig en vier jaar later het Slicher van Bath die eerste vaste hoogleraar daarvan geword. Die Afdeling het 'n tweeledige funksie, naamlik wetenskaplike navorsing op die gebied van die Nederlandse landbou en lande-

like samelewing, en akademiese onderrig aan voorgraadse studente.

Uit die pen van Slicher van Bath het 'n magdom publikasies (ruim 150) verskyn wat internasionale erkenning geniet, onder meer sy bekende *Agrarische geschiedenis van West-Europa, A.D. 500-1850* wat in vyf tale vertaal is en reeds verskeie herdrukke beleef het. Sy aansien is verder verhoog deur die tydskrif *AAG bijdragen,* wat sedert 1959 deur die Afdeling Agrarische Geschiedenis uitgegee word. Die tydskrif het beskeie begin en aanvanklik uit oordrukke bestaan wat reeds in ander publikasies opgeneem is. In 1962 het dit in 'n beter vormgewing as 'n selfstandige tydskrif verskyn; sodoende het Slicher van Bath verseker dat navorsing van die Afdeling wyd bekendgestel word. Die Vereniging voor Landbouwgeschiedenis gee ook 'n reeks historiese sosiografieë van die Nederlandse platteland uit onder die titel *Agronomisch-historische bijdragen.* Artikels in laasgenoemde serie en die *AAG bijdragen* bestryk 'n wye veld ten opsigte van agrariese geskiedenis.

Afgesien van die navorsings- en onderrigkomponent van die Afdeling Agrarische Geschiedenis, maak 'n landboutegniese seksie ook deel daarvan uit. In 1977 het die Afdeling die Nederlands Landbouw Museum (gestig in 1936) gereorganiseer en tot die Museum Historische Landbouwtechniek uitgebou. Dié Museum spits hom toe op die geskiedenis van landbouwerktuie asook pre-historiese en 19de-eeuse landbou. Hierbenewens word gekonsentreer op die versameling van landbou-implemente uit verskillende dele van die land en die inventarisasie en katalogisering van hierdie artikels. 'n Publikasie (*Bijdragen en mededeelingen van het Genootschap "Nederlandsch Landbouwmuseum" te Wageningen*) word van tyd tot tyd uitgegee.

In Groningen het die Stichting Nederlands Agronimisch-Historisch Instituut in 1949 tot stand gekom. Die doelstelling van die Stichting is die bevordering van wetenskaplike beoefening van landbougeskiedenis — in die besonder dié van Nederland — in die ruimste sin deur die instandhouding van 'n instituut by die Ryksuniversiteit van Groningen. Hierdie Instituut voor Landbouwgeschiedenis onderneem wetenskaplike studies en maak die ondersoekresultate daarvan bekend in sy jaarboek *Historia agriculturae.* 'n Beskrywende lys van internasionale landbouhistoriese literatuur word onder meer gereeld in dié publikasie opgeneem. Die Instituut beskik oor 'n uitgebreide biblioteek en argief waar 'n groot hoeveelheid inligting van agraries-historiese belang byeengebring word. Ander werksaamhede sluit in die opstel van 'n algemene handleiding vir agrariese historici, die uitgee van bronnepublikasies oor nasionale en streekonderwerpe en 'n spesiale bibliografie oor die Nederlandse landarbeider. Noue samewerking en skakeling met die Afdeling Agrarische Geschiedenis te Wageningen word deurgaans gehandhaaf.

Die Sociaal-Historisch Centrum voor Limburg in Maastricht is in Oktober 1949 met die volgende oogmerke op die been gebring: die versameling, ordening, bewaring en inventarisasie van bronnemateriaal met betrekking tot die sosiale en ekonomiese verlede en hede van die provinsie Limburg; die beskikbaarstelling van hierdie materiaal vir wetenskaplike en praktiese doeleindes; selfstandige navorsingsondersoeke; die publikasie van gegewens. Die Centrum beskik oor 'n omvangryke argief en biblioteek waar inligting oor aspekte van agrariese geskiedenis onder meer gehuisves word. Twee vaste reekse word uitgegee, te wete 'n jaarboek (*Studies over de sociaal-economische geschiedenis van Limburg*) en — in samewerking met die Limburgs Geschied- en Oudheidkundig Genootschap — die serie *Maaslandse monografieën.* Eersgenoemde bevat benewens 'n verslag van die Centrum se aktiwiteite, ook literatuurbesprekings, argiefinventarisse en wetenskaplike artikels, talle met agrarieshistoriese temas. Die monografieë weer openbaar 'n sterk interstreekkarakter en is veral op historiese verwantskappe met buurgebiede afgestem.

As takdissipline van sosiale en ekonomiese geskiedenis word temas in agrariese geskiedenis ook by 'n aantal Nederlandse universiteite aangebied, terwyl enkele institute aan universiteite (byvoorbeeld dié van Groningen en Utrecht) insgelyks aandag aan die agraries-historiese terrein bestee. Die Economisch-Historisch Argief in Den Haag (gestig 1914) en die Internationaal Instituut voor Sociale Geschiedenis in Amsterdam wat gedurende 1936 opgerig is, is twee verdere instellings wat die beoefening van agrariese geskiedenis bevorder.

By die Nederlandse Opelugmuseum ("Rijksmuseum voor Volkskunde") wat in 1918 by Arnhem geopen is, word die daaglikse lewe in Nederland sedert die 17de eeu uitgebeeld. Besondere klem word gelê op uitstallings van verskillende vertakkinge van die boerderybedryf en voorbeelde van plaasgereedskap en opstalle. Die oorspronklike en gerestoureerde voorwerpe wat uitgestal word, verleen 'n realistiese en outentieke kleur en is 'n belangrike faktor in die daarstelling van 'n "lewende verlede". Die Museum publiseer twee maal per jaar 'n tydskrif asook 'n reeks monografieë met 'n landbouhistoriese inslag. In die Limburgse provinsiedomein Bokrijk (België) is die Vlaamse Opelugmuseum van 1958 af op dieselfde lees as dié by Arnhem geskoei. Museums van hierdie aard dra ongetwyfeld by om die belangstelling in die agrariese verlede te stimuleer en wakker te hou.

**VSA**

Die Agricultural History Society is in 1919 gestig met die oogmerk om agrariese geskiedenis te bevorder deur die skepping van fasiliteite vir navorsing en die publikasie van relevante inligting. Die meer as 800 lede van die Vereniging sluit onder andere in historici, geograwe, landbouwetenskaplikes en -ekonome, sosio-ekonome, boere en ander belangstellendes. Simposiums en konferensies word jaarliks gehou en sedert 1927 gee die Vereniging vier maal per jaar 'n tydskrif, *Agricultural history,* uit. Die aktiwiteite en opset van die Agricultural History Society stem in hoë mate ooreen met dié van sy eweknie (die BAHS) in die Verenigde Koninkryk. In ander Amerikaanse tydskrifte soos die *Journal of economic history, Journal of social history, Rural sociology, History news* en *Journal of interdisciplinary history* verskyn ook gereeld landbou-historiese bydraes.

**Wes-Duitsland**

In dieselfde jaar (1953) wat die Gesellschaft für Agrargeschichte tot stand gekom het, het die eerste uitgawe van sy *Zeitschrift für Agrargeschichte und Agrarsoziologie* — 'n sesmaandelikse publikasie — die lig gesien. Dié tydskrif publiseer dikwels oorsigte van die beoefening van agrariese geskiedenis in verskillende lande, terwyl die sowat 350 lede van die Vereniging die geleentheid kry om een keer per jaar konferensies by te woon waar sake van agraries-historiese belang aan die orde gestel word.

**Frankryk**

Toe Lucien Febvre en Marc Bloch hul tydskrif *Annales d'histoire économique et sociale* in 1929 begin, was dit hulle voorneme om daarmee 'n rewolusie teen die tradi-

sionele metodes in die geskiedskrywing te lei. Hul besware teen hierdie metodes en opvattinge in die historiografie was die oorheersende plek wat altyd aan politieke, staatkundige, militêre en diplomatieke geskiedenis toegeken is en die klem wat op individuele leiers en belangrike of besondere gebeurtenisse geval het. Volgens hulle moes historici meer kennis neem en gebruik maak van die inhoud en metode van ander sosiale wetenskappe, veral die aardrykskunde, sosiologie en ekonomie om tot 'n sogenaamde "total history" te kom.

Deur Bloch en Febvre se toedoen het agrariese geskiedenis sy regmatige plek in die *Annales*-skool en hul tydskrif verwerf; die interdissiplinêre aard van navorsing in die sosiale wetenskappe is beklemtoon en al meer toegepas, ook in studies oor die agrariese verlede. Die tydskrif se naamsverandering in 1947 tot *Annales: Économies, sociétés, civilisations*, is 'n aanduiding van hierdie groep se ruim, interdissiplinêre benadering. Bloch en Febvre se werk is voortgesit deur persone soos Fernand Braudel, C.-E. Labrousse en Emmanuel le Roy Ladurie wat agrariese geskiedenis tot 'n hoë wetenskaplike peil verhef het. Die bydrae en invloed van die *Annales* in die bevordering en beoefening van landbouhistoriese navorsing in Frankryk en elders ter wêreld kan moeilik oorskat word.

### Denemarke

'n Agraries-historiese vereniging (Landbohistorisk Selskab) is in 1952 gestig met soortgelyke doelstellings as die reeds genoemde instansies in ander lande. In die Vereniging se tydskrif (*Landbohistorisk tidsskrift*) sowel as die *Scandanavian economic history review* en *The Scandanavian journal of economics* word artikels in verband met agrariese geskiedenis gepubliseer. Deense sosiaal-wetenskaplikes het ook in hierdie studieveld al verskeie gesaghebbende bydraes in boekvorm gelewer.

### Enkele ander lande

In sommige Oos-Europese lande word agrariese geskiedenis eweneens op redelike skaal bedryf. Sedert 1958 word jaarliks konferensies in Oos-Europa gehou wat aan spesiale temas met 'n landbouhistoriese strekking gewy word. Twee jaar na hierdie konferensies verskyn 'n jaarboek waarin die lesings opgeneem word. In Pole ressorteer agrariese geskiedenis onder 'n instituut vir die geskiedenis van die materiële kultuur. Veral landboumuseums in Hongarye, Pole, Rusland en Tsjeggo-Slowakye speel 'n belangrike rol in landbouhistoriese ondersoeke en navorsingsresultate word in tydskrifte en jaarboeke bekendgemaak.

Lande soos Japan, Italië, Kanada, Oostenryk, Australië en Indië openbaar sedert die vyftigerjare insgelyks belangstelling vir die agrariese verlede en in enkele gevalle is organisasies in die lewe geroep en word tydskrifte uitgegee om navorsing in hierdie verband te koördineer en aan te moedig.

## AGRARIESE GESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA

Nieteenstaande Suid-Afrika se posisie as dié toonaangewende landbouland in Afrika en sy lang en trotse agrariese tradisie, is die beeld wat oor navorsing en bestudering van die landbouverlede gevorm word, nie juis rooskleurig nie.

### Die huidige situasie

In die RSA bestaan daar geen organisasie of vereniging wat, soos in ander lande, spesiaal vir die bestudering en bevordering van agrariese geskiedenis in die lewe geroep is nie. Relevante verenigings soos dié vir geskiedenis, aardrykskunde, ekonomie en ekonomiese geskiedenis, gee oor die algemeen min aandag aan hierdie onderwerp. Bowendien is daar ook geen vaktydskrif eksklusief vir agrariese geskiedenis beskikbaar nie. Artikels met 'n suiwer landbouhistoriese strekking verskyn trouens selde in ander vaktydskrifte of tydskrifte van populêr-wetenskaplike aard. Die enkele bydraes wat soms gepubliseer word, het meestal op resente landbou-tegniese aspekte betrekking en kan nie met die pennevrugte van internasionale agrariese historici vergelyk word nie.

Die skraal oes aan publikasies met agrariese geskiedenis as tema is deels daaraan te wyte dat navorsers en studente in vakrigtings soos die algemene geskiedenis, sosiale en ekonomiese geskiedenis, geografie en sosiale antropologie weinig belangstelling vir die agrariese verlede openbaar. Dit verklaar terselfdertyd die feit dat daar in Suid-Afrika geen bibliografieë vir hierdie studieterrein bestaan nie.

Ofskoon landbouhistoriese temas ingesluit word by kursusse van die departemente ekonomie, ekonomiese geskiedenis en landbou-ekonomie aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite, bestaan daar nie 'n afsonderlike leerstoel of selfs afsonderlike kursusse vir agrariese geskiedenis soos by sommige Engelse, Nederlandse, Duitse en Franse universiteite nie. Die leerstof in verband met die onderwerp wat by universiteite en enkele landboukolleges in die Republiek aangebied word, is meestal oorsigtelik en nie van dieselfde inhoudelike kwaliteit as soortgelyke kursusse in die buiteland nie.

In teenstelling met baie Europese lande is daar in die RSA nie enige instituut of navorsingsentrum wat uitsluitlik op agrariese geskiedenis toegespits is nie. Institute vir sosiale en ekonomiese navorsing soos dié aan die Universiteit van Durban-Westville en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat konsentreer hoofsaaklik op resente sosio-ekonomiese ontwikkeling in bepaalde gebiede sonder om besondere klem op die landbouverlede te lê.

Wat betref die versameling en bewaring van kultuurvoorwerpe wat met die agrariese verlede verband hou, is weliswaar reeds 'n begin gemaak. Twee landboumuseums — die een oos van Pretoria en die ander by Worcester — het die afgelope tyd tot stand gekom, terwyl die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landboukultuur gedurende 1981 in Pretoria gestig is. Hierdie instellings is uiteraard nie vergelykbaar met museums of institute soos dié by Reading (Engeland), Arnhem (Nederland) en Bokrijk (België) nie. Nietemin dui dit op 'n groeiende bewussyn vir die belangrikheid van ons land se agrariese erfenis.

### Die agrariese verlede in die navorsingspraktyk

Feitlik alle nie-stedelike gebiede in Suid-Afrika openbaar 'n sterk agrariese karakter; gevolglik lê dit voor die hand dat studies oor plaaslike en streekgeskiedenis die landbou nie buite rekening kan laat nie. Dit is dus die taak van die streekhistorikus om ook die geskiedenis van die landboubedryf in al sy sosiale en ekonomiese fasette in 'n afgebakende streekeenheid breedvoerig te bestudeer en toe te lig.

Aspekte van agrariese geskiedenis wat in streekverband aandag verdien, sluit onder meer die volgende in:

- wisselwerking tussen die mens en sy omgewing of die natuur, sowel as die wyse waarop die kultuurlandskap deur agrariese aktiwiteite tot stand gekom het;
- die verhouding tussen stedelike en plattelandse gemeenskappe (wedersydse beïnvloeding, migrasie

van die platteland na die stad en ontvolkingstendense);

- grondbesitstelsels, eienaarskap, grootte, afbakening en toekenning van grond (plase), nedersettingspatrone en -motiewe;
- landboumetodes en -tegnieke (oorgang van die tradisionele en "primitiewe" na die gemeganiseerde en gesofistikeerde, asook die invloed en uitwerking daarvan op die mens en bodem);
- probleme en vraagstukke in die landbou (droogtes, plant- en veesiektes, prysskommelings, oorloë, ensovoorts) en die mens se vermoë tot aanpassing en oplossing van hierdie knelpunte;
- produksie, bemarking en ekonomiese infrastruktuur (byvoorbeeld afsetgebiede, kommunikasiemiddele, vraag en aanbod, produktepryse, koöperatiewe verenigings);
- regeringsbeleid en -optrede (wetgewing, belastingstelsels, finansiële en ander bystand of gebrek daaraan);
- arbeidsverhoudinge in die landbou (insluitende die rol en posisie van die werknemer in die landboubedryf);
- landbou as faktor in die plaaslike politiek en partypolitieke bedeling (onder meer watter invloed die landbou en landbouer op die politieke terrein uitgeoefen het);
- die rol van landbou in die totstandkoming van 'n "boerderykultuur" en 'n breër nasionale bewussyn.

By professionele historici asook belangstellende amateurs in die RSA wat hulle met plaaslike en gewestelike geskiedskrywing besighou, behoort daar 'n groter sensitiwiteit te wees vir die agrariese verlede en landbouhistoriese aspekte soos hierbo uiteengesit. Die strewe moet wees om streekhistoriese navorsing op 'n interdissiplinêre grondslag aan te pak met inagneming van metodes en tendense in die buiteland, sowel as van die eiesoortige aard van die Suid-Afrikaanse samelewing. In sulke studies kan die landbouverlede in sosio-ekonomiese verband sterker beklemtoon word.

## BESLUIT

Ontvolking ("ontblanking") van die platteland is 'n verskynsel wat die afgelope tyd ook in Suid-Afrika onrusbarende afmetings aanneem. Gepaard hiermee gaan die absolute afname in die getal ekonomies-aktiewe Blankes in die boerderybedryf en die dalende bydrae van die landbousektor tot die Bruto Binnelandse Produk. In die lig hiervan sal belangstelling in die geskiedenis van landbou stellig toeneem omdat die klem al meer op voedselproduksie en die rol van landbou in ekonomiese ontwikkeling val. Agrariese geskiedenis kan in hierdie opsig dus 'n wesenlike rol speel aangesien kennis van die verlede dikwels oplossings vir huidige en toekomstige probleme bring en beplanning vergemaklik.

Gevolglik wag daar in ons land 'n groot taak op historici om die hand aan die ploeg te slaan en die braak studieveld van agrariese geskiedenis te betree. 'n Amerikaanse geleerde het in 1961 tereg die volgende pleidooi gelewer: "It is time that those of us interested in agricultural history broke the confines of our petty thinking and apologetic attitudes, and demonstrate to the academic world that the content, significance and value of studies in agriculture are second to none in the historical profession. The new frontiers stretch before us. Let it not be said of us, 'the harvest truly is plenteous, but the labourers are few.'" Hierdie uitspraak kan ook van toepassing gemaak word op die situasie in Suid-Afrika, waar die oes net so groot, maar die arbeiders — helaas — soveel minder is. ■

### VERKORTE BRONNELYS


**Literatuur**

ABEL, W. *Geschichte der deutschen Landwirtschaft*. Stuttgart, 1962.
ADDENS, N.G. *Die Studiekring voor de Geschiedenis van de Landbouw, 1939-1964*. Wageningen, 1965.
BAUDET, H. en H. VAN DER MEULEN (reds). *Kernprobleme der economische geschiedenis*. Groningen, 1978.
JONES, E.L. en S.J. WOOLF (eds). *Agrarian change and economic development*. London, 1969.
MINCHINTON, W.E. (ed). *Essays in agrarian history*. London, 1968.
RASMUSSEN, W.D. (ed). *Agriculture in the United States: A documentary history*. 4 volumes. New York, 1975.
SCHRÖDER-LEMBKE, G. *Studien zur Agrargeschichte*. Stuttgart, 1978.
SLICHER VAN BATH, B.H. *De beoefening der sociale en economische geschiedenis in Nederland — een informatief overzicht*. Amsterdam, 1961.
SNELLER, Z.W., *et al. Geschiedenis van de Nederlandse Landbouw, 1795-1940*. Groningen, 1951.
STOIANOVICH, T. *French historical method: the* Annales *paradigm*. New York, 1976.
VAN DER POEL, J.M.G. *Wegwijzer in de landbouwgeschiedenis*. Zwolle, 1953.
VAN JAARSVELD, F.A. *Moderne geskiedskrywing; opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*. Durban, 1982.
VAN JAARSVELD, F.A. *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*. Pretoria, 1980.

**Artikels**

AYMARD, M. The *Annales* and French historiography (1929-1972). *Journal of European economic history* 1, 1972.
BJORN, C. The study of the agrarian history of Denmark: A brief introduction to the literature. *Agricultural history review* 22, 1974.
DUNBAR, R.G. The role of agricultural history in economic development. *Agricultural history* 41, 1967.
FITE, G.C. Expanded frontiers in agricultural history. *Agricultural history* 35, 1961.
FUSSEL, G.E. Agricultural history in Holland. *Agricultural history* 33, 1959.
JACOBS, W.R. Research in agricultural history: Frederick Jackson Turner's view in 1922. *Agricultural history* 42, 1968.
LONG, W.H. Agricultural history and agricultural economics. *Journal of agricultural economics* 15, 1962.
RASMUSSEN, W.D. Forty years of agricultural history (USA). *Agricultural history* 33, 1959.
SLICHER VAN BATH, B.H. De agrarische geschiedenis als wetenschap en haar relatie tot de sociologie. *Mens en maatschappij* 37, 1962.
SLICHER VAN BATH, B.H. Theorie en praktijk in de economische en sociale geschiedenis. *AAG bijdragen* 14, 1967.
VAN DER POEL, J.M.G. Het Nederlands Agronomisch-Historisch Instituut en de beoefening van de landbouwgeschiedenis in het binnen- en buitenland. *Landbouwkundig tijdschrift* 64, 1952.
VAN DER WOUDE, A.M. The "AAG bijdragen" and the study of Dutch rural history. *Journal of European economic history* 4, 1975.
WILLIS, F.R. The contribution of the *Annales* School to agrarian history: A review essay. *Agricultural history* 52, 1978.

**Ongepubliseerde referate**

BURGUIÈRE, A. "The *Annales*: continuity and discontinuity": Negende tweejaarlikse nasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, RAU, 17-19 Januarie 1983.
EDGECOMBE, D.R. "The French *Annales* School — some thoughts on the implications and possibilities of their method and approach for the study of economic history in South Africa": Eerste konferensie van die Economic History Society of Southern Africa, Durban, 22-25 Julie 1980.
VAN JAARSVELD, F.A. "Die *Annales*-skool en nuwe tendense in die Westerse historiografie": Departement Geskiedenis, UNISA, 11 Februarie 1981.

**Persoonlike onderhoude met buitelandse gesaghebbendes (April en Mei 1981)**

Dr. E.J.T. Collins, University of Reading, Berkshire; Prof. A.M. Everitt, University of Leicester. Mr. M.A. Havinden, University of Exeter; Dr. D.G. Hey, University of Sheffield; dr. J.C.G.M. Jansen, Sociaal-Historisch Centrum voor Limburg, Maastricht; Prof. G.E. Min-

gay, University of Kent, Canterbury; dr. H.K. Roessingh, Landbouwhogeschool, Wageningen; Dr. J. Thirsk, University of Oxford; Prof. F.M.L. Thompson, University of London; prof. J.M.G. van der Poel, Museum Historische Landbouwtechniek, Wageningen; dr. F.J.M. van Puijenbroek, Rijksmuseum voor Volkskunde (Het Nederlands Openluchtmuseum), Arnhem; drs. H. van Zon, Stichting Nederlands Agronomisch-Historisch Instituut, Groningen.

**Diverse**

Jaarboeke van Suid-Afrikaanse universiteite. (Leerplanne en metodiek).
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria. (Inligting verstrek deur die direkteur, dr. B. Cronjé).
Populêre en vaktydskrifte in Suid-Afrika. (Opname van bydraes met 'n agraries-historiese strekking).